Beste Wapadranter

Kommunikasie

eNuus via WhatsApp

Jy kan al die gemeentenuus via WhatsApp ontvang. Besigtig die eNuus op jou slimfoon en druk op die knoppie hieronder om aan te sluit by die groep.

Sluit aan by die groep

Meer oor ons

Hou hierdie spasie dop! Elke week deel ons iets van Wapadrant se visie, ons missie, ons waardes en hoe ons werk.

eNuus in kort

Kyk die eNuus in kort deur die volgende skakel te volg: https://youtu.be/Z19lfVFmcrU

Nuus vir die week

Sondag 20 September:

- Daar is twee eredienste: 08:30 en 10:00. Die dienste word gelei deur ds. Petrus Grové.
- Die liefdegawe (kollekte) word soos volg verdeel:

Eredienstye:

Predikante verlof:

- Ds. Marcel Floor is met verlof van 28 tot 30 September.

eNuus:

- Die volgende eNuus verskyn na die skoolvakansie op 8 Oktober 2026.

Wapadrant Bid Saam

Ons vra voorbidding vir:

- Piet Koelewyn wat ‘n operasie ondergaan het.
- Francisca Nel wat opgeneem is in die hospitaal.
- Almal wat ongesteld is.

Hartlik geluk aan:

- Stefan en Garmi van der Westhuizen wat op 27 September vir Marnu laat doop.

Gebed vir die week:

Epos die kerkkantoor om by die Gebedsgroep aan te sluit

Kontak die kerkkantoor:

Vanaf die Kerkraad se tafel

Die Kerkraad (KR), het ‘n vergadering gehou op **Woensdag 09 September 2026.** Hier volg kortlikse terugvoer, wat nou belangrik is om te kommunikeer, vanuit bg. vergadering aan die lidmate:

Sake wat die Kerkraad (KR) hanteer het waaroor daar nou gekommunikeer kan word:

1) **Spesiale Visitasie deur die Klassis – verslag het gedien:**
Die Klassis se Visitatore wat aangewys was om met Wapadrant Gemeente (WPR) se Kerkraad ’n Spesiale Visitasie te kom hou, se verslag het gedien by die KR vergadering. Net weer vir volledigheid, hulle opdrag: *“Om met die volgende gemeentes ‘n pastorale gesprek te voer in die lig van Januarie 2026 se sinodebesluite insake VIDA (Vroue in die Ampte)”.*

Die KR het kennis geneem van die verslag en geoordeel dat dit ’n ware weergawe was van die Visitasie op 03 Jun. 2026. Hierdie verslag was ook verlede week beskikbaar in die eNuus vir die lidmate om te lees.

Intussen het dit ook by die Klassis gedien op 14 Sept. 2026 en is daar kennis geneem daarvan en verwys na die Deputate wat hiermee handel by die Algemene Sinode. Ons kan ook noem dat die Klassis ’n besluit moes neem of ons kredensie (afvaardiging), aanvaar sou

word en gevolglik ons afvaardiging toelaat om wel die vergadering te mag bywoon. Nadat dit hewig debatteer was, het die Klassis wel ons gemeente se afvaardiging se kredensiebrief aanvaar en kon hulle die res van die vergadering bywoon.

2) Die pad vorentoe vir WPR – Predikante verslag:

Die Predikante het 'n verslag laat dien by die KR vergadering om die "pad vorentoe" te begin uitklaar vir ons gemeente. Die voorstelle wat gedien het daaruit is nog nie deur die KR aanvaar nie en staan die saak nog oor om eers tyd te gee om te sien wat gaan die GKSA nou doen met hierdie betrokke saak. Vir meer inligting kan die agtergrond inligting van die predikante se verslag gelees word by die volgende skakel:
https://drive.google.com/file/d/1NG22Rb7n8U_IK2FeRIrNm-mfj3FDv5Q7/view?usp=sharing

3) Oudit 2025:

Die Kerkraad het die geouditeerde state van die 2025 finansiële jaar goedgekeur. Hiermee kan ons rapporteer dat die gemeente 'n skoon Oudit ontvang het. Enige navraag hieroor is beskikbaar in die kerkkantoor.

4) Barmhartigheid Bediening trek finansieel swaar:

Die KR het verneem dat die Barmhartigheidsbediening, wat onder die Diakonie ressorteer en waaruit hulle hoofsaaklik die lidmate moet help wat hulpbehoewend is of die wat finansieel swaar kry, tans nie by al hulle verpligtinge kan uitkom nie, a.g.v. finansiële druk op hulle inkomste vir die doel. Alhoewel hulle 'n fonds opgebou het oor die jare is hulle besig om dit baie vinnig op te gebruik hierdie jaar. Hulle fondse word hoofsaaklik opgemaak uit die Liefdegawes (kollektes) vanuit die gemeente en ander skenkings. Onder andere 50% van die kollektes wat by die eredienste opgeneem word, asook die deel wat lidmate aandui op hulle beloftevorms as deel van hulle bydraes wat dan geallokeer moet word vir die liefdegawes. Die KR het dit nou goedgekeur dat vanaf 2027 die kollektes wat tydens eredienste opgeneem word, 100% vir dié doel afgestaan word, behalwe as dit anders aangedui sal word by die eredienste. Dan is daar ook goedgekeur dat die Diakonie 'n outomatiese bankkaart masjien mag plaas in die kerkgebou sodat lidmate ook hulle liefdegawe elektronies kan afdra. (Die betrokke masjien is bekom deur 'n borgskap).

5) Nuwe Ouderlinge ter approbasie:

Die volgende name is genomineer om as Ouderlinge te dien en sal nou eers ter approbasie aan die lidmate voorgehou word:

Pieter du Plessis
Tienie de Klerk
Karina Basson
Eben Venter

6) Nuwe inisiatiewe by Jeugbediening:

Die KR het ook die nuwe inisiatiewe wat vanaf 2027 implementeer word, goedgekeur:

- Dat die Laerskooljeug (Gr. 1 tot 6) Sondae in die skool kwartale ook tydens, of in dieselfde tydgleuf as die eerste erediens sal vergader in hulle onderskeie lokale.
- Tydens hierdie byeenkomste sal hulle eers in twee afsonderlike "Groot Groepe", (onderskeidelik Gr. 1 -3 en Gr. 4-6), bymekaar kom om die eerste helfte van die byeenkoms te doen, wat o.a. sal bestaan uit Lofprysing, omgee en vierings, 'n spesifieke les wat uitgewerk word vir grootgroep aanbieding en kollektes. Hulle sal daarna in hulle kleiner groeperings verdeel vir verdere vaslegging van die les.
- Die tieners (Gr. 7-11), woon Sondae in skoolkwartale steeds die volwasse eredienste by en woon hulle jeuggroepe tussen die eredienste by - soos tans die gebruik is.

7) Aanderedienste:

Die KR het ook verneem dat daar binnekort 'n proeftydperk gaan wees om te bepaal of die aanderedienste weer vanaf 2027 permanent ingestel gaan word. (Hou toekomstige kommunikasie media dop vir meer inligting).

Finansiële stand van die Gemeente

Vier maande terug het ons begin om hier in die eNuus 'n maandelikse kort opsomming te gee van die Gemeente se finansiële stand. (Hierdie is nou 'n voorsetting daarvan, wat aan die einde van elke maand in die eNuus geplaas word.)

Met groot dankbaarheid kan ons rapporteer dat die aanvanklike oplewing by die inkomste vanuit bydrae vanaf Junie 2026, nog steeds nie teruggeval het tot by die vorige maande se statistieke nie en dit lyk of daar nou stabiliteit daar gekom het.
Hier is nou so 'n eenvoudige grafiek vir die doel:



Hier bo word twee sake uitgebeeld:

1) Die Blou staaf: Dit dui aan hoe die kumulatiewe groei besig is om plaas te vind tussen die werklike inkomstes en dit wat begroot was tot op daardie stadium van die maande. Na 8 maande is die verskil nou op R 582 231 minder as wat begroot is. (Die hoofrede is maar die huidige onderspandering by verskillende begrotings poste, omrede almal tans konserwatief werk en nog steeds inperkings probeer maak op die uitgawes.)

2) Die Oranje staaf: Dit dui aan waar staan die verskil tussen die bedryf uitgawes en die inkomstes, wat dan 'n surplus of 'n tekort sal aandui. In hierdie geval is dit tans nog 'n tekort wat

nou na 8 maande staan op ’n bedrag van R107 701. (R47 268 minder as wat verlede maand gerapporteer was.)

Baie dankie vir almal se bydraes hiervoor en dat julle die uitdaging aanvaar het om te probeer om ten minste die oranje staaf in die grafiek, voor die einde van die jaar, bo die nul lyn te probeer kry.

Gebed

Gebedskursus:

In Wapadrant gemeente is gebed vir ons superbelangrik, en daarom bied ons ‘n gebedskursus aan sodat jy in jou gebedslewe kan groei.

Die gebedskursus word deur prof Naas Ferreira aangebied, en dit is volledig aanlyn sodat jy dit rustig in jou eie tyd kan voltooi. Gebruik hierdie QR-kode om vir die kursus te registreer. Jy kan die QR-kode in die eNuus kry (sien onder), of vir die kerkkantoor vra om dit vir jou aan te stuur.

Baie belangrik:

- Die kursus is beskikbaar vanaf **2 Oktober** en moet voltooi wees teen **10 Oktober**.
- Die kursus kan op eie tyd en teen eie pas gedoen word, sodat jy dit iewers in jou besige program kan inpas.
- Op Saterdag **10 Oktober** sal daar wel ‘n kort byeenkoms van 10:00-11:00 by die kerk wees waar deelnemers lekker verversings kan nuttig en hulle ervaring van die kursus met mekaar kan deel, bymekaar kan leer en waar hul groei kan vier!

Die kursus is gratis. Jy kan wel ‘n vrywillige donasies maak om te help om die onkostes vir die kursus te dek. Maak ‘n inbetaling in die kerk se rekening, met verwysing: Gebedskursus.

Wapadrant Musiekbediening

In Wapadrant vier ons ons verskeidenheid! Dit kom onder andere tot uitrukking in die feit dat ons in die skoolkwartale ‘n kontemporêre diens om 08:30 het, en ‘n meer tradisionele klassieke diens om 10:00.

Tydens ons kontemporêre diens kan jy meer eietydse, Skrifgetroue liedere verwag wat met die orkes begelei word. Ja, ons sing ook van die ou bekende liedere, dat almal lekker kan saamsing,

maar ons sing ook splinternuwe Skrifgetroue liedere. Die liedere word deur ons predikante in samewerking met ons kontemporêre musiekleier gekies. Die nuwe liedere word dikwels voor die diens in die vooraf sang ingesluit, sodat jy reeds bekend kan raak met die woorde en melodieë. Ons nooi almal uit om deel te neem aan die vooraf sang, want so gaan jy die nuwe liedere vinniger leer ken, en kan jy reeds voor die diens ons Here groot maak. Ons het ook ‘n Spotify speellys opgestel met die meeste van hierdie nuwe liedere, sodat jy dit rustig in jou eie tyd kan luister en bekend kan word met die woorde in musiek. Die skakel vir die Spotify speellys kan jy in ons eNuus vind, of jy kan vir die kerkkantoor vra om dit vir jou aan te stuur. Ons kontemporêre musiekbediening en samesang is vir ons baie belangrik, want dit gaan alles oor die eer van ons Here!

Indien jy van ‘n meer tradisionele, klassieke styl hou moedig ons jou aan om na die 10:00 klassieke diens te gaan. Ons het ‘n uitstekende orrelis, wat dikwels ook van ander hoogs bekwame klassieke musikante gebruik maak. Ook hierdie diens en musiekbediening is vir ons gemeente baie belangrik, want dit gaan steeds alles oor die die eer van ons Here!

Ons het ‘n Spotify speellys opgestel met die meeste liedere wat ons tydens die Kontemporêre erediens sing, sodat jy dit rustig in jou eie tyd kan luister en bekend kan word met die woorde en musiek.

Jy kan ook die skakel volg:
https://open.spotify.com/playlist/5XW1VYP3RWpli0sq5iGYVm?si=PEq9yoq1Rhe1IGBJyUHcfQ&pi=EFrJeu3oQaCl5

Wapadrant reik uit

Gemeente uitreik: gee kos

Elkeen van ons ken iemand met kosnood. Kom ons maak as gemeente ‘n impak deur op 24 of 25 September ‘n kospakkie vir iemand te gee. Ons verneem graag wie almal deelneem sodat ons saam die impak kan vier! Stuur ‘n WhatsApp aan die kerkkantoor met die woorde “Ek het deelgeneem”.

Sunrise Traumasentrum: Fotokompetisie

Volg die skakel om in te skryf:
https://www.sunrisetraumasupportcentre.co.za

Uit en Tuis

Omgewingsimpak: Tuinkompetisie

Cobus van der Walt en die omgewingspan, loots 'n tuinkompetisie om die kerkterrein te ontwikkel. Die persele is gereed! Jy kan jou perseel bespreek by Cobus (082 578 1919). Ontwikkel dit dan tot 21 November wanneer die prysuitdeling plaasvind.

Omgewingsimpak: Rietvlei

Op 17 Oktober maak ons saam met die Vriende van Rietvlei ‘n omgewingsimpak. Van 07:30 tot 11:00 help ons om paaie reg te maak, indringer plante te verwyder e.d.m. Laat weet vir Philippe Temmerman (083 635 2313) indien jy wil deelneem. Jy moet ook **voor 15 Oktober** registreer sodat jy gratis toegang kan kry. Volg die skakel om te registreer: https://forms.gle/yf8uDyBn6KRp6DDy5

Wildsvleis @ Wapadrant:

Die diakonie het ‘n kudu as skenking ontvang. Daar is dus nog baie maalvleis en boerewors in voorraad. Dit is elke Sondag in die diakonielokaal (in die kuierarea langs die verhoog) beskikbaar @ R100/kg.

Burundi verkopings:

Die speelgoed verkoping is op hande! Op 20 September word speelgoed te koop aangebied. **Stuur asb. die kinders met ‘n ekstra geldjie sodat hulle iets kan koop.**

Burundi ontvang graag enige tweedehandse linne, klere, meubels, gordyne, speelgoed en enige bruikbare items wat stof vergader in jou huis. Op 3 Oktober vind die Wit Olifant verkoping hier op ons kerkterrein plaas.

Hulle benodig dringend nog hangers. Laat dit asb. in die saal.

Griefshare kursus:

Werkskepping tesame met GK Silverton:

Dissipelskap en vaardighede – dit is waarmee Pauline van GK Silverton en Marinda van Lochem van Wapadrant Gemeente begin het. Elke Dinsdag word Bybelstudie en lofprysing, gevolg deur naaldwerk- en kookklasse aangebied. Die doel is om mense met praktiese vaardighede toe te rus waarmee hulle ’n inkomste kan verdien.

Die projek het intussen uitgebrei na houtwerk, asook **Sparkling ’26**, waar kinders onder andere ekstra Wiskunde ontvang en met Afrikaans gehelp word. Vir Sparkling ’26 soek hul iemand wat weekliks ’n informele Afrikaanse groepsgesprek met Engelssprekende kinders kan lei om hulle taalvaardigheid te verbeter.

Hul soek ook iemand wat kan help om **houtwerkklasse** aan te bied en praktiese vaardighede aan volwassenes oor te dra.

Vra jou vraag

Al die vrae en antwoorde op die gemeente se webblad beskikbaar:
https://www.wapadrant.co.za/ontdek-jou-plek.html

Lidmaat Netwerk

Besoek die Lidmaat Netwerk en help so om aan jou stad te bou. Byeenkomste, boekvrystellings, dienste sowel as werksgeleenthede (gesoek en beskikbaar) is ook hier te vind. Lidmate kan advertensies gratis plaas. Stuur ‘n epos met besonderhede (in .jpg of .png formaat) aan media@gkwapadrant.co.za.

LidmaatNetwerk

https://www.canva.com/design/DAFYMHYdpxU/o7OImFpFrhwiiGXnTN7SnA/view?utm_content=DAFYMHYdpxU&utm_campaign=designshare&utm_medium=link&utm_source=publishsharelink

Meer oor eredienste

‘n Hart van gee

‘n Gemeente het finansies nodig om te funksioneer. Indien jy nog nie uit dankbaarheid finansies afstaan aan die gemeente nie, is hier nou nog ‘n kans. Gebruik die SnapScan-funksie of QR-kode wat in kerkbanke aangebring en gee so ook jou donasie.

Die verwysing is baie belangrik:

- As jou bedoeling is dat dit vir liefdegawe / kollekte geallokeer moet word, moet die verwysing asb. “Liefdegawe” of “Kollekte” wees.
- Indien jy jou naam as verwysing gebruik, word dit beskou as ‘n “Kerkkas” bydrae.
- Merk die verwysing daarop asb. as “Donasie” of “Bydrae” met jou naam daarby.
- Jy mag ook anoniem bly.

Het jy van adres verander of is jy nie meer ‘n lidmaat van Wapadrant nie?
Kontak die kerkkantoor